

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 29

3 SEPTEMBER 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Marko Lee in graad 3BL en Brenay Lee in graad R2 en hul familie met die heengaan van hul ouma verlede week. Mag hul familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

DANKBARE HARTE : LENTEDAG 2021
'n Hartlike dank aan elke ouer se vrygewige hand met die stuur van blomme om ons "mediese krygers" te bedank vir hul harde, onselfsugtige werk tydens die Covid-pandemie. Die samewerking en hande vat van elke ouer wat die personeel bystaan en ondersteun ten opsigte van dissipline, voorsien van skryfbehoeftes en kleredrag is noemenswaardig. Dit vergemaklik elke opvoeder se daaglikse taak.

ENERGIEDRANKIES
Dit is vir ons kommerwekkend om laerskoolleerlinge te sien wat energiedrankies skool toe bring. Ons wil tog al ons ouers daarop attent maak dat dit baie gevaarlik vir jong kinders is om die energiedrankies te drink. Ons versoek u vriendelik om dit nie vir u kind skool toe in te pak nie.

SNOEPIE BESTELLINGS : KARRI-TOEP
Baie ouers het reeds die Karri-toep afgelaai en gebruik dit met groot sukses veral vir snoepie bestellings. Met die oog op die veiligheidsrisiko van kontant op die perseël, maar veral COVID-19, gaan ons nou heeltemal oorskakel na die gebruik van die Karri-toep vir **alle** snoepie aankope. Kontant sal dus vanaf ***Maandag, 6 September*** nie meer aanvaar word as betaling nie. Volledige inligting met aanwysings vir die aflaai en gebruik op u slimfoon is op die D6-kommunikeerder gelaai onder "Bronne" gevolg deur "Karri". Ons vertrou dat ons kan staatmaak op u ondersteuning in hierdie poging om die risiko van COVID-19 te beperk.

VAKANSIENASORG: OKTOBER 2021
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n daadwerklike behoefte het om tydens die Oktobervakansie van ons nasorgdiens gebruik te

maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **4 Oktober 2021 tot 8 Oktober 2021 (5 dae). (Skole sluit Vrydag, 1 Oktober 2021 en heropen Maandag, 11 Oktober 2021)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. **07:15-17:30, stiptelik** te eerbiedig.

Die tarief beloop R80 per dag, per kind, en R400 vir 1 kind vir 1 week. Die bedrag vir 2 kinders is R750 vir 1 week, en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum van aansoeke is Woensdag, 15 September 2021.

Indien u van ons nasorgdiens gebruik wil maak moet u asb. 'n e-pos na fin@lnpark.co.za, stuur.

MCNEWTONPARK SOSATIE-SENSASIE : 23 SEPTEMBER 2021
Ons gaan weer hierdie heerlike treffer sosaties (6 sosaties teen R100) vir die Nasionale Braaidag (24 September) se braaigeleenthede beskikbaar stel. Bestelbriewe sal vroeg volgende week aan kinders uitgehandig word. Bestellings sal op Vrydag, 17 September om 12:00 sluit sodat u dit by die skool op Donderdag, 23 September kan afhaal.

SKOOLKOMMUNIKEERDER
Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoofmedium van kommunikasie met u is**.

Om die program gratis op u rekenaar af te laai, moet u net D6 by die Google soekfunksie intik, en die "D6 School Communicator" kan dan afgelaai word. Hierdie program verskyn elke oggend op u rekenaar se skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind.

Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so 'n geval verskyn daar onmiddellik 'n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

Die kommunikeerder kan as 'n toepassing op u androidfoon afgelaai word. Dit werk baie goed en boodskappe en inligting van die skool is dan altyd byderhand.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul gesinne.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 6 September	:	Klerewinkel **07:30-12:00**
Di – 7 September	:	**TOETS: Kreatiewe Kunste Gr. 7**
Wo – 8 September	:	Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 9 September	:	**TOETS: Geskiedenis Gr. 4 – 7** Finansiële komitee begrotingsvergadering **17:00**
Vr – 10 September	:	Klerewinkel **07:30-12:00**

SPORT & KULTUUR

RITMIESE GIMNASTIEK : OP-PROEWE

Nina Rossouw in graad 4S het verlede naweek aan die OP-proewe vir Ritmiese Gimnastiek deelgeneem.
Sy het soos volg presteer:
Toudans : Goud
Free dance en club dance : Silwer
Algeheel : Eerste plek

Sy het dan ook haar OP-kleure gekry en gaan die OP tydens Oktober by die SA-kampioenskappe verteenwoordig. Baie geluk met hierdie uitstaande prestasies en ons wens jou alle voorspoed met die volgende byeenkoms in Oktober toe!

PE DANCE FESTIVAL

Tané Wiehahn in graad 1M het op Woensdag, 25Augustus aan die PE Dance Festival deelgeneem. Sy is deel van Defying Gravity Dance School en het aan die “Hip-Hop Level 1” deelgeneem waar hulle ‘n silwer medalje ingepalm het. Baie geluk, Tané! Lienke van Mosseveld in graad 2S sowel as Karli van Mosseveld in graad R2 het ook as deel van dieselfde dansskool aan die“Hip Hop group” 8 jaar en onder deelgeneem en ‘n silwer medalje ontvang. Baie geluk, julle!